

18 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 35

Fokusgedeelte: Jesaja 35:5-7

Waar God ingryp, verander alles

Hierdie profesie van die verandering wat die Here sal bring, is gemik op die tyd toe die volk van die Here in Babilonië in ballingskap was. Die volk was moedeloos oor hulle lewensomstandighede (vs 3, 4)

Maar dan word hulle bemoedig (vs 4): “Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier, God kom julle red.” Hier word verder geprofeteer dat die Here 'n land voorberei vir sy volk, hulle wat deur Hom gered is. Hulle sal juigend en vol blydschap in Sion (Jerusalem) aankom (vs 9, 10).

So maak die Here hulle oë oop, Hy is in beheer – “blindes sal kan sien”. “Dowes sal kan hoor” – Hy laat aan hulle verlossing verkondig! Dié wat moedeloos maar net sit en kla het, sal met nuwe krag kan opstaan en leef en die Here loof. Die land sal onder die seënende hand van die Here 'n lewendgewende opbrengs lewer. (vs 5-7) Hierdie profesie is vervul toe die volk juigend kon terugkom na Sion maar ook met die koms van Jesus Christus volgens Luk 7:18-23. Daar het Jesus aan Johannes die Doper se dissipels gesê: “Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, dowes hoor...”

So sien ons wat deur Jesus Christus verlos is, ook vandag in moeilike omstandighede lig. Ons hoor en glo die evangelie. Dood word vir ons lewe tot in ewigheid, leed word vreugde. Die Heilige Gees leer ons dat elke beproewing ten goede meewerk en dat dit ons geloof suiwer, sodat ons met groot blydschap die nuwe Jerusalem sal binnegaan.

Sing: Psalm 92:2, 6 (1936-beryming)

Ds JB du Plessis (Lichtenburg)